

# ST. VINCENT DE PAUL

27 SEPTEMBER

(1581-1660)



Hierdie eenvoudige plattelandse priester word beskou as een van die grootste Franse heiliges. Hy is tydens 'n skeepsreis deur seerowers gevang en het 2 jaar as slaaf deurgebring. Hy slaag daarin om te ontsnap en terug in Frankryk waar hy homself daaraan toe om daadwerklik iets omtrent die ellende te doen waarin die armes verkeer het. Hy stig ook 'n kongregasie, die Lasariste, wat gemoeid was met priesteropleiding en saam met St. Louise de Marillac stig hy die Susters van Liefdadigheid, die eerste vroue kongregasie wat die armes buitekant die klooster versorg het. Hy was eintlik die gewete van Frankryk en hy dra daartoe by dat die Franse Kerk in dié tyd 'n bloeityd beleef.